

# IERSE KLEEDJIE VIR JOU BELEË WYN



**BENODIGDHEDE:** 1 bol Coats Chain Mercer Nr. 30, wit; wit linne van 40 x 60 cm; hekelpen van 1 mm.

**AFKORTINGS:** ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; hlb - half-langbeen; p - picot (= 3 ks, 1 kb in 1e ks); herh - herhaal; beg - begin.

**AANWYSINGS:** Hierdie rand word saam-gestel uit drie groepe van 4 blommetjies elk met 2 blaartjies. Hekel eers die blaartjies.

**BLAAR:** Word kb gehekel. Steek hekelpen altyd in agterste lus van vorige ry se steke.

Hekel 24 ks, draai, 10 kb, \*1 draai-ks, 8 kb, draai, 1 ks, 10 kb (8 kb op dié van vorige ry en 2 kb in ks)\*; herh van \* tot \* tot in al die ks gehekel is. Knip garing af en heg af.

Hekel nou aan ander kant van ks-ry, beg by bopunt waar die eerste 10 ks gehekel is; 8 kb, \* draai, 1 ks, 6 kb, 1 ks, draai, 8 kb (6 kb in die kb van vorige ry en 2 kb in ks)\*. Herh van \* tot \* nog 5 keer, hekel dan kb op oorbl ks; 4 ks, draai, hekel 3 kb. Knip garing af en heg af.

Hekel 2e blaar soos hierbo uiteengesit en heg 2e blaar aan 1e blaar vas met 'n gs in 4e ks voor laaste 3 kb.

**BLOM: 1e rondte:** 6 ks, sluit met 1 gs om ring te vorm.

**2e rondte:** 2 ks vir 1e hlb, 2 ks, (1 hlb, 2 ks) 5 keer, sluit met 1 gs in 2e begin-ks; (1 kb, 2 hlb, 1 kb) in 2-ks-sp, 1 kb (dit is die 1e blomblare).

**2e laag blomblare:** Steek pen vanaf agterkant tussen 2 hlb van vorige rondte in en hekel 3 ks (vir 1e lb), 2 ks; (1 lb, 2 ks) 5 keer.

**2e rondte:** (1 kb, 1 hlb, 1 lb, 1 hlb, 1 kb) in elke 2-ks-sp. Knip garing af en heg af.

Hekel 4 blomme vir elke groep en heg hulle aan die blare vas soos op foto gesien kan word.

Soom die wit linne om en hekel daarna 1 ry kb en 1 ry dsl oor die rand waar die gehekelde rand vasgehekel moet word.

**DIE NETWERK: 1e ry:** \* 1 kb in vlg dsl, 2 ks, 1 p, 3 ks, 1 p, 2 ks, slaan 6 dsl van vorige ry oor \*. Herh van \* tot \* tot einde van ry.

**2e ry:** 6 ks, 1 p, 2 ks, \*1 kb in sp tussen 1e en 2e p; 2 ks, 1 p, 3 ks, 1 p, 2 ks\*, herh van \* tot \* tot einde van ry. Eindig met 2 ks, 1 p, 3 ks en 1 kb in laaste sp na die 2e p.

**Daaropvolg rye:** Herh die 2e ry tot rand breed genoeg is.

Die blomme en blare word daarna vasge-  
werk soos op foto gesien kan word, beg 3 rye  
vanaf begin van hekelwerk.

Hekel soos volg rondom rand van net-  
werk: \* 1 lb in 1e p, 1 ks, 1 p, 1 ks, 1 lb in vlg p  
\*. Herh van \* tot \* tot by volgende hoek, in  
hoek hekel (3 ks, 1 p, 3 ks), hekel voort soos  
tevore tot einde van kort rand van netwerk  
maar hekel lb in die sps i.p.v. in die ps.

Hekel oor rand van linne voort soos volg:  
\* 1 kb, 1 ks, 1 p, 1 ks, slaan 4 ste oor.

Herh vanaf \* rondom rand, maar hekel (1  
kb, 1 p, 1 kb, 1 p, 1 kb) in hoeke.

Wanneer hekelwerk oor lang linnerand  
voltooi is, moet om rand aan ander kort kant  
gehekel word en oor tweede lang kant soos  
die eerste. Knip garing af en heg af.